DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG

# Die Basuin



Predikant: Ds. S.P. Venter

Pastorie: 015 296 1840

Sel: 082 809 0222

Epos: sarel.pventer@gmail.com

*Eredienste* begin *09:30*

**16 April 2023**

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Romeine 4: 1 - 12, Kolossense 2: 6 - 15,<br>Heidelbergse Kategismus Sondag 27 |
| **Tema** | ***Die doop is 'n teken van God na die mens*** |
| **Sang** | Lied 334: 1, 2, 3, 4<br>Skrifberyming 12-3: 1, 2<br>Psalm 107: 1, 20<br>Psalm 105: 5<br>Skrifberyming 11-2: 1, 4 |

In die Ou Testament het God na Abraham gekom en gesê dat Hy vir hulle 'n God sal wees en Abraham en sy nageslag sal sy volk wees. Om hierdie verhouding te laat werk moes die mense een ding doen: in God alleen glo en Hom alleen en volledig vertrou. Ons sien regdeur die Bybel dat dié wat glo, kinders van Abraham is. Geloof was in die OT die aktiverende bestanddeel vir 'n spesiale verhouding met God wat lewe gee.

Vir almal wat deel geword het van hierdie mense wat 'n spesiale verhouding met God het, en die kindertjies wat vir daardie mense gebore is, wou God ook 'n sienbare teken gee. Dit was die besnydenis. Hierdie 'teken' was van God vir die mens en was bedoel om hulle te herinner aan Sy lewenslange waarborg dat hulle deur geloof en vertroue syne word.

Die besnydenis was 'n boodskap van God aan die mense, nie van die mense aan God nie.

Hierdie pad wat God met mense stap is soos 'n roos wat toe was in die OT en nou oopgaan in die NT. Dis dieselfde roos, maar ons sien en verstaan nou soveel meer. Dieselfde pad wat God gestap het met Israel om sy koninkryk neer te sit op aarde, moes groter en wyer word as net Israel. Hiervoor het Jesus Christus as't ware in die middel van die roos sigbaar geword, soos die roos opgevou het, en dit was presies in lyn met God se belofte aan Abraham oor redding deur geloof vir alle nasies. En Jesus gee 'n nuwe teken vir mense wat deel sou word van sy koninkryk. Dit was 'n beter en voller teken as wat die Israeliete gehad het in die besnydenis. Die besnydenis het gewys na bloed wat moes loop in die toekoms. Die water van die doop kyk terug na hoe skoon daardie bloed gewas het. 'n Simbool wat die mense wat dit kry sou help om beter te verstaan wat Jesus Christus se bloed vir hulle harte doen.

Om iemand met water te was, was nou die nuwe buitekant simbool van wat deur God se Gees binne in 'n mens se hart gedoen word. Die water buite doen nie die ding nie, geloof se werking binne is die geheim. Want onthou… die aktiewe bestanddeel bly steeds geloof en vertroue. Dit is 'n 'van bo-af ondertoe' belofte. Nie 'n 'van onder-af boontoe' belofte nie. Maw, dit is God wat mense iets belowe en verduidelik met hierdie teken, nie ons wat vir God iets belowe en verduidelik nie. Die doop as 'n 'van bo af' belofte van God Almagtig is 'n lewenslange eenmalige waarborg wat altyd bly staan en bly verduidelik: Ek glo in Christus en is deur Hom alleen gered.

# OOG VIR MEKAAR




* Ons wens CC en Benita Barkhuizen baie geluk met die doop van hulle dogtertjie Cara. Baie geluk aan die familie met die toevoeging tot julle kring en mag sy 'n groot vreugde vir julle wees.

* Ons innige simpatie en meelewing met Henno Booyzen wie se pa oorlede is. Hy is 'n oud-lidmaat van ons gemeente. Die begrafnis was Vrydag in Pretoria.

* Ons bid vir oom Jan Cloete wat baie siek is en in Mediclinic opgeneem is. Ons bid vir tannie Sheila wat baie bekommerd is en nou swaar kry.

* Ons bid vir Kudu Pretorius wat in Unitas is en nou aansterk na sy operasie. Mag jy spoedig gesond genoeg wees om huis toe te kom.

* Ons bid vir Tialeen Venter wat steeds in Unitas is en aansterk nadat daar komplikasies was. Ons glo en vertrou dat sy komende week ontslaan sal word. As pastoriepaar wil ek en Tialeen ons gemeente diep uit ons harte bedank vir die omgee, gebede en bemoediging wat ons in die afgelope 2 weke ontvang het. U help ons om sterk te staan in die geloof dat ons Vader die Almagtige Geneesheer is.

* Baie seën word ons kinders, ouers en leerkragte toegebid vir die komende kwartaal.

* Katkisasie opening na die erediens.

## KONSISTORIEDIENSBEURTE 16 Apr 2023

**Diensbeurt:** Wyk 16
**Ouderling:** Francois Lessing

**Katkisasie:** Les 7
**Diaken:** Antonie Weideman

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

**Eredienste begin 09:30**

## TEESKINKBEURTE




**16 April 2023**
Simone Jongbloed
Nita Schutte
Annemarie Koekemoer
Brenda Koekemoer

**23 April 2023**
Daleen Korff
Hester Korff
Nadia Kotze
Hannelie Kruger

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

## DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| (So) 16 Apr | Na erediens | *Kerk* | Aktiwiteitskommissie |
| (Ma) 17 Apr | 18:00 | *Kerk* | Diakensvergadering |
| (Di) 18 Apr | 18:00 | *Kerk* | Finanskommissie |
| (Vr) 21 Apr | 18:00 | *Kerk* | Gemeente Kuier |

**Neem asseblief kennis dat Bybelstudie eers op 25 April 2023 sal hervat.**




# KALENDER




## *Verjaarsdae*

| Datum | Naam | Ouderdom | Belydend / Doop | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|---|
| (So) 16 Apr | Candace vd Walt | 38 | B | 082 974 3059 |
| (Ma) 17 Apr | Liané Venter | 9 | D | 083 397 6685 |
| (Di) 18 Apr | Hantie Hoogenboezem<br>Wiekie v Ree | 58<br>49 | B<br>B | 082 699 0202<br>079 507 4563 |
| (Wo) 19 Apr | ***Anna du Toit**** <br>Anne-Marie vd walt | ***78***<br>42 | B<br>B | 083 305 7855<br>078 025 2045 |
| (Do) 20 Apr | Terry Peyper<br>Rinus Wolmerans | 65<br>51 | B<br>B | 082 853 6074<br>082 259 1051 |
| (Vr) 21 Apr | ***Willie vd Berg**** <br>André vd Merwe | ***74***<br>66 | B<br>B | 066 045 5078<br>082 453 5366 |
| (Sa) 22 Apr | Peet Oosthuizen | 37 | B | 073 057 0870 |

## Huweliksherdenkings

| Huweliksdatum | Lidmate | Jare Getroud | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|
| (Wo) 19 Apr 2013 | Burger & Karin Myburgh | 10 | 074 856 2085<br>084 980 2466 |
| (Do) 20 Apr 1996 | Jaco & Anna Nel | 27 | 083 337 3486<br>083 696 9089 |
| (Vr) 21 Apr 1984 | Barry & Christine de Lange | 39 | 076 329 6545<br>076 329 6563 |

# KOLLEKTES

**Kollektes April 2023**

**Tydends erediens:**

**Diakonale Sorg**



**Na erediens (By die deure):**
**Spesiale Fondse :**
**~~9 April Bybelverspreiding~~**
**16 April Expando**
**23 April Bystandsfondas vir Diakonie**

**"n Volledige lys van verpligte asook vrywillige kollektes vir 2023 tot 2025 is op die kennisgewingbord agter in die portaal beskikbaar.**

# GEDAGTE VIR DIE WEEK

**Tot in julle ouderdom is Ek daar;**
**tot in julle gryse ouderdom**
**is Ek die Een wat julle dra.**
**Dit is Ek wat dit gedoen het:**
**dit is Ek wat optel,**
**dit is Ek wat dra en verlos.**

**Jesaja 46:4**

## GEMEENTE KUIER

**Op Vrydag 21 April 2023 beplan ons weer 'n kuiertjie hier by die kerk.**




**Bring jou gunsteling wors, broodrolletjies, eetgerei en drinkgoed, want die Aktiwiteitskommissie sorg vir die res. Daar sal vure wees om jou wors te braai asook souse, tamaties, blaarslaai, gebraaide uie en kaas.**

**Ons kuier weer vanaf 18:00 saam.**

**Kom en geniet die aand saam met ons.**

# SILWERKRANS SENIORBEDIENING



# EVANGELISASIE (SOUT EN LIG)



**Jesus het alle mag in die hemel en op aarde - Mat 28:18**

**Hy gee die opdrag;**
**gaan dan na al die nasies en maak die mense my dissipels**



**Laat ons Sout & Lig**
**in hierdie wêreld wees**

**Is jy 'n dissipel? Mat 28:19**

**..maak die mense my dissipels, leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.**

**'n Opdrag van Jesus self.**

# EVANGELISASIE (VERVOLG)



## Die belofte van Jesus

20 En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêrerld.

Hy sal jou lei in elke gesprek waar jy Sy naam op die lippe neem.



## Praat saam….

Laat ons as gemeente die opdrag van Jesus om mense Sy dissipels te maak, begin doen.

Daar is geleentheid om enige Dinsdag 18h00, saam te kom beleef hoe dit is om as dissipel op te tree by die TROK BEDIENING
Skakel:
André Bakker 083 457 1711

**Preke**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** Faksnommer | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| **Webwerf** www.gereformeerd.co.za | E-pos : admin@gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggende na die erediens |
| **Bankbesonderhede** Kerkkas | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| Diakonie | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| Koningskinders | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| Geref. Susters Org. Pietersburg | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| Aktiwiteitskommissie | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

**Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo.**

*in Hom is julle gewortel en in Hom word julle opgebou en versterk in die geloof, soos julle geleer is, terwyl julle oorvloedig is in dankbaarheid.*

*Kolossense 2: 7*



**ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS**